

Universiteit van Pretoria

**DIE ROL VAN VETERINêRE GENEESKUNDE IN
'N VERANDERENDE SUID-AFRIKA**

PROF. S.R. VAN AMSTEL

INTREDEPROF S R VAN AMSTEL AS PROFESSOR IN EN HOOF
VAN DIE DEPARTEMENT GENEESKUNDE,
FAKULTEIT VEEARTSENYEUNDE

28 JUNIE 1990

Narel René van Amstel is op 1 Mei 1942 in Pretoria gebore. Hy matriculeer in 1959 aan die Hoërskool Fort Pongolier in Pongolwenus. In 1960 skryf hy vir die BVSc-graadkursus aan die Universiteit van Pretoria in. Aan die einde van sy derde studiejaar ontvang hy die Farmers Weekly-toelinge vir die beste student in Sooslogie en Dieervoersorging. Gedurende 1965 was professor Van Amstel die Onderhoofskout Huisdiergeneeskunde-verteenwoordiger op die Sentrale Studentekonferensie.

Nadat professor Van Amstel die Universiteit vir een jaar moes verlaat weens swak gesondheid, behaal hy die BVSc-grad in 1969. Na 'n jaar se assistentskap in 'n

DIE ROL VAN VETERINÊRE GENEESKUNDE IN 'N VERANDERENDE SUID-AFRIKA

PROF. S.R. VAN AMSTEL

Intreerede gelewer op 28 Junie 1990 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Geneeskunde Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria.

Afhanklik van die publisering van die prof. van Amstel se pos verskyn waarvan 24 in gerubriekerde wetenskaplike jurnale gepubliseer is. Hierdie prestasies het gelei tot sewe navorsingsprojekte, waarvan hy die wat handel oor hartwater by boerse as die belangrikste beskou. Eksterne vir sy betrokkenheid by verskeie professionele en fakulteitskomitees is hy ook lid van onder andere die Suid-Afrikaanse Terdepraktisyngroep, die Suid-Afrikaanse Voorgesondheid en Produktie-groep, en die Amerikaanse Bespraktisyngroep.

Professor Van Amstel is ook perdjies sinter in tennis, voetbal, ligsstandhardloop, fietsry en swem. Hy het reeds 13 Comrades maratoons voltooi, waarvan een in silwerwedstyd was.

**INTREEREDE: PROF S R VAN AMSTEL AS PROFESSOR IN EN HOOF
VAN DIE DEPARTEMENT GENEESKUNDE,
FAKULTEIT VEEARSENKYKUNDE**

28 JUNIE 1990

Sarel Rens van Amstel is op 1 Mei 1942 in Pretoria gebore. Hy matrikuleer in 1959 aan die Hoërskool Piet Potgieter te Potgietersrus. In 1960 skryf hy vir die BVSc-graadkursus aan die Universiteit van Pretoria in. Aan die einde van sy derde studiejaar ontvang hy die **Farmers Weekly**-medalje vir die beste student in Soötegnologie en Diereversorging. Gedurende 1965 was professor Van Amstel die Onderstepoort Huiskomitee-vertegenwoordiger op die Sentrale Studenteraad.

Nadat professor Van Amstel die Universiteit vir een jaar moes verlaat weens swak gesondheid, behaal hy die BVSc-grad in 1966. Na 'n jaar se assistenskap in 'n privaatpraktyk in Johannesburg vestig hy hom in Witbank in die Oos-Transvaal waar hy in privaatpraktyk was vanaf 1968 tot 1975. Op 1 Januarie 1976 word hy as senior lektor in die departement Geneeskunde, Fakulteit Veeartsenykunde aangestel. In 1978 verwerf hy 'n nagraadse diploma in Veterinêre Geneeskunde, en in 1982 die MMedVet(Med)-graad met 'n verhandeling getiteld "'n Praktiese ondersoekskema vir rumenfermentasie''.

Professor Van Amstel word gedurende 1983 tot medeprofessor in die departement Geneeskunde bevorder. Hierdie posisie het hy tot einde van Mei 1988 beklee met sy aanstelling as professor in en hoof van dié departement vanaf 1 Junie 1988.

Gedurende 1982 en 1985 onderneem professor Van Amstel oorsese studietoere, waartydens hy wetenskaplike referate lewer by twee internasionale kongresse en drie veterinêre fakulteite. Professor Van Amstel het ook reeds referate by drie ander internasionale kongresse gelewer, asook agtien kongresse, sowel plaaslik as in Zimbabwe en Namibië bygewoon.

Altesaam 36 publikasies het uit professor van Amstel se pen verskyn waarvan 24 in gesubsidieerde wetenskaplike joernale gepubliseer is. Hierdie prestasies het gevloei uit sewe navorsingsprojekte, waarvan hy dié wat handel oor hartwater by beeste as die belangrikste beskou. Behalwe vir sy betrokkenheid by verskeie professionele en fakulteitskomitees is hy ook lid van onder andere die Suid-Afrikaanse Perdepraktisynsgroep, die Suid-Afrikaanse Veegesondheid en Produksiegroep, en die Amerikaanse Beespraktisynsgroep.

Professor Van Amstel se stokperdjies sluit in tuinmaak, voetslaan, langafstand-hardloop, fietsry en swem. Hy het reeds 13 Comrades marathons voltooi, waarvan ses in silwermedalje-tyd was!

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Van Amstel te versoek om sy professorale intrede te lewer oor die onderwerp "Die rol van Veterinêre Geneeskunde in 'n Veranderende Suid-Afrika".

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR

Geagte Mnr. die Rektor
Geagte Dekaan
Kollegas, Familie en Vriende

Dit is vir my 'n besondere groot eer en voorreg om vannaand my intrede aan u te kan lewer. Graag wil ek u almal hartlik bedank vir u teenwoordigheid hier en vir die ondersteuning wat ek van die Universiteit as geheel, die Fakulteit Veeartsenykunde in besonder en veral van die Departement Geneeskunde ontvang.

Die titel van my voordrag is "Die rol van Veterinêre Geneeskunde in 'n veranderende Suid-Adfrika".

Ek wil begin met die volgende sewe stellings wat dan ook die kern van hierdie rede sal wees en waaroor daar later uitgebrei sal word.

Veterinêre Geneeskunde is 'n professie met 'n lang en eerbare geskiedenis. Hierdie professie het saam met die ander gesondheidsprofessies en dissiplines reeds diep spore getrap en besondere bydraes gemaak tot die welvaart van beide mens en dier.

Veterinêre Geneeskunde is 'n belangrike gesondheidsprofessie en aangesien dit na die welvaart van beide mens en dier omsien is dit miskien van dié belangrikste gesondheidsprofessies. In die lig hiervan het dit dus 'n uiters belangrike rol om te speel om aan die gemeenskap se behoeftes te voorsien.

Die gemeenskap in 'n veranderende Suid-Afrika het uiters diverse behoeftes. Hierdie behoeftes spruit voort uit sy eerste en derde wêreld komponente hier sowel as die behoeftes van die res van Afrika wat ook aangespreek sal moet word.

Die profiel van die tradisionele veearts sal moet verander. Die stereotipe "Kroonstad veearts" wat alles kan doen en teen wie ons ons vir dekades vasstaar gaan 'n evolusionêre dood sterf en ons sal hom moet vervang met iets beter.

Om dit te kan doen moet ons 'n meer volwasse student keur wat weet wat hy wil doen en hom dan deur 'n kern en baan (core and tract) kurrikulum begelei. Elektiewe modules moet sterk figureer.

Veeartsenykundige navorsing moet uitbrei. Navorsings sentra van uitnemendheid vir alle vertakkinge moet geskep word. Groter wisselwerking t.o.v. navorsing moet bestaan tussen fakulteite, spesialiste, privaatpraktyke en ook tussen Veterinêre, Menslike en Vergelykende Geneeskundige navorsing. Die konsep van "Een Geneeskunde" moet weer meer intens nagestreef word.

Die gemeenskap se behoeftes is divers en duidelik. Onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens gaan hand aan hand. Ons moet die uitdaging aanvaar.

Gedurende hierdie voordrag gaan ek na Veterinêre Geneeskunde, Veterinêre Interne Geneeskunde en Vergelykende Geneeskunde verwys. Om verwarring te voorkom wil ek graag begin om hierdie terme vir u te definieer.

Veterinêre Geneeskunde behels die studie van veeartsenykunde in die breë en dit sluit dan die studie van die siektes van nie-menslike diere in. Die doelwit daarvan is om gesondeheid te handhaaf of te herstel. Onder gesondeheid verstaan ons dat daar 'n toestand van totale fisiese, sielkundige en sosiale welsyn in 'n persoon of dier bestaan.

Veterinêre Interne Geneeskunde is veral betrokke by die diagnose en behandeling van siektes en abnormaliteite van die interne strukture van die dierlike liggaam met die doelwit om gesondeheid te handhaaf of te herstel.


Vergelykende Geneeskunde is die studie van verskynsels wat onderliggend is aan die siektes van alle spesies (mens en dier).

Ek wil graag begin deur u oorsigtelik deur die geskiedenis en verloop van Veterinêre Geneeskunde te neem. So vroeg as 2000 jaar v.C. is daar in die wetboek van die Babiloniese era reeds vasgestelde fooie vir dokters van osse en donkies neergelê, sowel as toepaslike strawwe vir onwettige praktyke. Vyfhonderd jaar later het Moses se onderrig van die mense van die tyd, aspekte van fisiologie, parasitologie, higiëne en sanitasie ingesluit. In die argiewe van die outydse Griekeland en Rome was die belang van Veterinêre Geneeskunde op dieselfde vlak as dié van Menslike Geneeskunde geplaas. Baie van die siektes wat ons vandag intiem ken, was egter reeds in Egipte gedurende bybelse tye bekend, so byvoorbeeld word daar onder andere van tuberkulose, besmetlike misgeboorte, honds-dolheid en ander melding gemaak.

Die vooruitgang van Veterinêre Geneeskunde het egter 'n groot terugslag gekry met die val van die Romeinse ryk. Soveel so dat in die geskiedenis hierna, die hoefsmid, wat 'n sleutel figuur was in die perde bedryf, uitgestyg het as dié adviseur van alle dieresiektes en beserings.

Die werklike herlewing van Veterinêre Geneeskunde was sekerlik vertraag tot 1761 met die totstandkoming van die eerste Veterinêre Fakulteit te Lyon in Frankryk. Gedurende hierdie tyd was daar 'n stek parallelle ontwikkeling tussen Veterinêre en Menslike Geneeskunde. Menige reuse van Geneeskunde (Veterinêr of Medies) was egter werksaam in die veld van Vergelykende Geneeskunde. Hulle sluit baanbrekers soos Edward Jenner (1749 - 1823), Claude Bernard (1813 - 1876), Louis Pasteur (1822 - 1895), Robert Koch (1843 - 1910) in. Laasgenoemde se veeartsenykundige assistent, Paul Fresch, het in samewerking met Loeffler die bek en klouseer-virus ontdek. Hierdie sterk ontwikkelingsfase in geneeskunde

(veterinêr, medies en vergelykend) het gelei tot die konsep van "een geneeskunde" (William Osler 1849 - 1919). Die WGO stel hierdie wisselwerking tussen die drie genoemde takke van Geneeskunde skematies soos volg voor:



Hierdie samewerking het in 1880 tot die daarstelling van 'n gemeenskaplike joernaal, die "Journal of Comparative Medicine and Surgery" gelei. Hierdie gemeenskaplike samewerking het egter ten tye van die eerste wêreldoorlog begin verbrokkel.

In 1791 in die wyk van andere Europese lande is 'n Veterinêre fakulteit, die Royal Veterinary College, in London gestig en in 1844 was veeartsenykunde deur koninklike wetgewing as 'n profesie erken en beskerm.

Hier in Auid-Afrika het die eerste veterinêre fakulteit in 1920 op Onderstepoort begin funksioneer. Vandag, 70 jaar later, het ons twee fakulteite. Ons moeder-fakulteit op Onderstepoort wat tans in 'n dinamiese fase van groei en verandering beleef en 'n sustersfakulteit te Medunsa wat in 'n ontwikkelings stadium is.

Veterinêre Geneeskunde se vermoë om aan die behoeftes van die gemeenskap te voorsien is deels geïllustreer uit sy lang en voortreflike geskiedenis en dit is duidelik dat dit 'n unieke en baie belangrike gesondheidsprofesie is. Dit beskerm mense teen die risikos geassosieer met diere en diereprodukte, dra by tot die totstandkoming van nuwe biologiese en mediese kennis, beskerm die kwaliteit van die omgewing en dra tot die preservering van genetiese bronne by. Deur die behoeftes van beide mens en dier te dien, is dit dié mees diverse en omvattende van al die gesondheidsprofesies.

Hierdie diversifikasie in die behoeftes van die gemeenskap in 'n veranderende Suid-Afrika verteenwoordig 'n uitdaging wat aangespreek sal moet word.

Veterinêr Geneeskundige behoeftes in 'n veranderende Suid-Afrika word eerstens bepaal deur sy eie sterk eerste en derde wêreld komponente. Tweedens egter, met snelle veranderinge in die politieke klimaat moet ons ook die behoefte van Afrika as 'n geheel in aanmerking neem. Hierdie behoeftes kan soos volg saamgevat word:

1. Verbetering van diereproduksie en die beheer van soönoses van die derde wêreld komponent, hier en in Afrika. Die grootste struikelblokke in die verbetering van diereproduksie sluit onvoldoende voeding, genetiese beperkings, die hoë insidens van dieresiektes en swak bestuurspraktyke in. Daar is steeds ongeveer 4-5 miljoen vierkante myl potensiële weiding in sentraal Afrika wat onbenut lê, as gevolg van die voorkoms van Trypanosomiase. Meer as 22% van die totale populasie in Afrika lei aan PEM (proteïenergie wanvoeding). Daar is voldoende bewys dat verstandelike ontwikkeling direk gekoppel is aan nutritionele status. Daar is geen twyfel dat dierlike proteïen as 'n alternatiewe voedselbron die voorkoms van PEM drasties sal verminder of uitskakel.
2. Die produksie van "suiwer en heilsame" voedsel van dierlike oorsprong sal as gevolg van veranderde diereproduksie (intensifisering), onderhoud van dieregesondheid (gebruik van antibiotikas en ander middels in diere voedsel), voedselprosessering en bemarkingspraktyke al hoe meer belangrik word.
3. Deur dekades van genetiese beplanning en selektiewe slagting het ons reeds hier in Suid-Afrika ook nou hoogs gespesialiseerde beesrasse ontwikkel wat instaat is tot hoë produksie van vleis en melk. Hierdie genetiese verbetering word versnel deur die beskikbaarheid van gevriesde saad en embrio oorplasings tegnologie. In sterk kontras met derde wêreld ontwikkeling waar die beheer van infeksiesiektes van primêre belang is, het intensifisering hoofsaaklik bestuurs- en voedingsverwante toestande veroorsaak. Hierdie is 'n nuwe era in Veterinêre Geneeskunde wat sy eie kundigheid verg.
4. Fantastiese vooruitgang word in biologiese en genetiese tegnologie gemaak. Dit gaan in die toekoms 'n groot invloed op Veterinêre Geneeskunde hê, bv. deur die herkombinerings van DNA molekules in vivo en verdere ontwikkelings op hierdie gebied.
5. Die perdebedryf is een van die grootste ekonomiese bedrywe in Suid-Afrika. Afgesien van die groot ekonomiese inset wat hierdie bedryf lewer t.o.v. ren- en teelperde, is dit ook 'n groot bron van ontspanning vir die mens. Hierdie bedryf bevat verskeie belangrike vertakkinge, naamlik uithouritte, spring, gymkana, dressage, polo en ook bloot as geselskapdier. Ekonomiese insette in die aanbou en beoefening van perde vir hierdie verskillende vertakkinge,

word al hoe groter. Die verwagtinge van mense betrokke in die perdebedryf t.o.v. die kwaliteit veteriniêre diens wat hulle ontvang, word al hoe groter. Om aan die verwagtinge te voldoen sal 'n hoogs professionele en gespesialiseerde diens gelewer moet word.

6. 'n Verhoogde behoefte aan persoonlike en eiendomsekuriteit is die orde van die dag en kan 'n deel van die leefwyse in 'n veranderende Suid-Afrika word. Die tipe honde wat spesifiek aangehou word vir aanval, sekuriteits of spoorsny doeleindes sal dus in getal toeneem. Kundigheid in die eienskappe, seleksie, teling, behuising en siektesindrome van hierdie tipe honde sal dus 'n voorvereiste wees om aan die gemeenskap se behoeftes te voldoen.
7. Behalwe die tradisionele huisdier (hond of kat) word daar ook 'n groter aantal ander geselskapdiere aangehou waarvan kouvoëls vinnig besig is om 'n belangrike faset van Veterinêre Geneeskunde te word. Spesialiste kennis van kouvoëls sal ongetwyfeld in die toekoms 'n groot rol speel in veteriniêre praktykvoering in digbewoonde gebiede.
8. Met die vermindering van natuurlike grondoppervlakte wat vir weiding gebruik kan word, sowel as probleme met siektebeheer in die res van Afrika, sal daar na alternatiewe dierlike proteïenbronne gekyk moet word. Die grootskaalse produksie van geharde hoogproduserende varswater vissoorte is 'n nuwe bedryf waarin Veterinêre Geneeskunde ook 'n belangrike rol sal vervul.
9. 'n Toenemende mate van erkenning word vandag aan die belang van sielkundige, geestelike en emosionele aspekte van die mens-dier verhouding gegee. 'n Wye spektrum van mense in die gemeenskap word hierdeur geraak, bv. kinders, verstandelik of fisiese vertraagde mense, mense wat eensaam is, ou mense, ens. Hierdie mens-dier verhouding maak 'n groot bydrae tot die gesondheid van die mens.
10. Die gebied van natuurbewaring en kommersiële wildboerdery, sal in die toekoms nog belangriker word. Ook hier is gespesialiseerde kundigheid nodig. Veterinêre Geneeskunde kan hier 'n belangrike rol speel.

Die voorafgaande skets die diversifisering van Veterinêr Geneeskundige behoeftes in 'n veranderende Suid-Afrika. Daar is reeds tekens dat die veteriniêre profesie besig is om evolusionêre veranderinge te ondergaan, van 'n profesie wat tot nou toe bestaan het uit mense wat "alles doen", dus na die behoeftes van alle diere omsien en ook funksioneer in alle ander fasette van Veterinêre Geneeskunde tot 'n profesie bestaande uit mense wat baie beter onderlê is in die gesondheid en siektes van 'n spesifieke spesie van dier as ook spesialiste wat op ander terreine van Veterinêre Geneeskunde diens lewer. Veterinêre praktyke sal in die toekoms meer presies en effektief wees en meer voorspelbare resultate lewer vanweë 'n

groter kennis van die siektetoestande van 'n spesie, verbeterde kennis van tegnologie en verbeterde gesondheid strategieë. Om egter aan al die behoeftes te voorsien sal gespesialiseerde kennis in epidemiologie, siektebeheer, ekonomiese sosiologie, inligtingsbestuur, geregtelike aspekte en andere ook nodig wees.

Om tred te hou met die veranderende behoeftes moet ons na die volgende areas kyk:

1. ONDERRIG

Te dikwels reageer ons Veterinêre fakulteite volgens interne behoeftes, terwyl strategieë beplan moet word vir die veranderende behoeftes van die gemeenskap. Ons funksies en doelwitte in ons fakulteite is steeds te nou. Veterinêre Fakulteite is steeds nie die kreatiewe sentra wat nodig is vir die voorsiening van die behoeftes van die gemeenskap nie.

Om bogenoemde te bereik moet daar weer oor die volgende besin word:

- (i) Keuring van voorgraadse studente.
- (ii) Basiese biologiese wetenskappe moet sterk wees, maar aangebied word op so 'n manier dat studente van graadkursus kan verander.
- (iii) Oordadige aansameling van inligting moet verminder word en groter klem op begeleide selfstudie, probleem oplossing en ander essensiële komponente wat nodig is om 'n suksesvolle veearts te wees, gelê word.
- (iv) Verandering van die kliniese komponent van die kurrikulum sodat meer gespesialiseerde kliniese onderrig gegee kan word in een spesifieke groep diere bv. produksiediere, kleindiere, wild of spesie, bv. perde, pluimvee.
- (v) Veranderinge in die kurrikulum sodat meer aan die behoeftes van die openbare sektor voorsien kan word, bv. vleishigiëne, beheer van aansteeklike siektes en soönoses.
- (vi) Groter klem en moontlikheid vir nagraadse opleiding.

Om bogenoemde meer breedvoerig te bespreek, wil ek graag die volgende noem:

Keuring van voorgraadse studente op Std. 9 uitslae is onrealisties t.o.v. wat ons wil bereik, nl. voorsiening van sulke uiteenlopende behoeftes. Die veeartsenykundige student wat so gekeur word, het wel die intellektuele vermoë om die kursus suksesvol te voltooi, maar is nie noodwendig instaat om te besluit dat sy of haar gekose beroep juis die een is waarin hy vir die res van sy lewe wil bly nie, baie minder nog watter rigting binne die beroep hy wil volg. Gedurende 'n nie-amptelike opname van 'n vierdejaar klas was meer as 50% van die studente onseker of hulle wel veeartse wou word. Keuring behoort op 'n meer volwasse ouderdom te geskied. Daar is reeds getoon (op die Witbankkampus van die Universiteit van Pretoria)

dat meer volwasse studente, al het hulle swakker skoolprestasies, nie noodwendig swakker vaar as studente wat op skoolvlak gekeur was met hoër prestasiepeile nie.

Studente wat van voorneme is om Veterinêre Geneeskunde te doen, moet toegelaat word tot 'n kurrikulum wat hoofsaaklik uit basiese biologiese wetenskappe bestaan. Gedurende hierdie fase kan modules gedoen word wat verband hou met die graadkursus wat hulle uiteindelik wil volg. Hulle moet gedurende hierdie gedeelte van die studie prakties blootstelling hê aan dié rigting wat hulle binne Veterinêre Geneeskunde wil volg, bv. perde, produksiediere of kleindiere. Aan die einde van hierdie periode ontvang die persoon 'n BSc-graad en is nou instaat om met meer perspektief 'n loopbaan te kies (medies, veeartsenykunde, tandheelkunde).

'n Voorkliniese kern (core) kurrikulum word nou gevolg (Figuur 1) waar klem op begeleide selfstudie gelê word. Gedurende hierdie gedeelte van die kursus moet studente wat 'n spesifieke kliniese baan (tract) gaan volg (Figuur 2), die geleentheid hê vir elektiewe praktiese blootstelling. Ter selfdertyd moet die student ook toegang tot elektiewe teoretiese modules wat óf die kliniese baan óf die kern kurrikulum sal onderskraag hê, bv. modules in praktykbestuur, geregtelike aspekte, inligtingsbestuur, statistiek, rekenaarwetenskap, menslike sielkunde, ekonomiese sosiologie, epidemiologie, navorsingsmetodiek en ander. Na voltooiing van die kernkurrikulum, ontvang die student 'n BVSc-graad wat hom instaat stel om 'n akademiese-, navorsings- of ander loopbaan in die basiese biologiese wetenskappe of in die vakke wat betrokke is in die kernkurrikulum te volg.

Na voltooiing van die kern (core) kurrikulum word 'n baan (tract) kurrikulum gevolg. Die besonderhede hiervan word getoon in Figuur 2. Die indeling van die baan kurrikulum is gebaseer op 'n spesie of groepdiere of die dienste waarby die openbare sektor betrokke is. Hierdie indeling kan soos volg daarna uitsien:

- (i) Klein huisdiere (honde en katte) en kouvoëls
- (ii) Perde
- (iii) Kuddes
- (iv) Pluimvee
- (v) Wild
- (vi) Siektebeheer en volksgesondheid
- (vii) Algemene praktisyn

Aan die einde van die baan (tract) kurrikulum, ontvang die student 'n gespesifiseerde BVSc-honnorsgraad wat hom nou instaat stel om 'n meer gespesialiseerde diens van hoër kwaliteit aan 'n spesie of groep diere of aan ander terreine van die Veterinêre Geneeskunde te lewer. Op hierdie manier sal daar baie beter en meer effektief

om gesien kan word aan die behoeftes van die gemeenskap in 'n veranderde Suid-Afrika.

Die voorgestelde veranderinge sal dus beteken dat die Departement Geneeskunde nie in sy huidige vorm sal kan bly voortbestaan nie. Ek sien dit geensins as 'n nadeel nie, aangesien Interne Geneeskunde as 'n dissipline sal sevier deurdat dit in hierdie nuwe bedeling aan die behoeftes van die gemeenskap sal kan voldoen.

Die voorafgaande voorstelle is 'n langtermyn toekoms visie. Die departement Geneeskunde het egter reeds aan die begin van 1990 die inisiatief in hierdie rigting geneem met die daarstelling van spesiesgerigte klinieke en die daarstelling van 'n perde- en produksiedier kliniek. Dit gee dus vir die student die geleentheid om geïntegreerde spesiesgerigte kliniese ondervinding op te doen. Op die kort termyn kan integrasie van die voorkliniese kurrikulum ook nou plaasvind. Die finale jaar eindeksamen kan ook op 'n geïntegreerde spesiebasis plaasvind en 'n mate van elektiewe eksaminering kan geskied. So kan ons reeds op die kort termyn 'n veearts lewer wat beter opgewasse sal wees om aan die gemeenskap se behoeftes te voorsien.

2. RESEARCH

Our veterinary research effort should be expanded as we are falling behind other fields of research. Our veterinary school should develop special research centers (centers of excellence). These centers are demonstrated in Figure 3.

From Figure 3 it is clear that research centers need to be created in the following areas:

- Small animal clinical studies
- Equine clinical studies
- Production animal clinical studies
- Infectious diseases and public health
- Wild life diseases
- Poultry

The recent establishment of a equine research institute has been a major contribution towards potential research in this faculty.

Close ties with human medical research, research in comparative medicine, agricultural research, biological research and nature conservation not only here but in the rest of Africa is very essential. Creation of these centers of excellence and close cooperation with the other research centers mentioned will again realise a strong united research effort (revitalising the concept of "one medicine"), capable of meeting the biggest challenge of the 20th century to supply enough food,

adequate health, reasonable environmental qualities and societies in which human values prevail (Schwabe 1975).

The American Veterinary Medical Association points out that "it is becoming increasingly more difficult to separate veterinary medicine from human medicine because the goals, qualifications and identities of individuals in both professions are so similar. They are both essential components of biomedical science - that segment of knowledge, running from molecular biology to clinical medicine, dealing with the principles of health and disease in living systems. A biomedical principle may be veterinary medicine if the ultimate objective is an animal while the same principle may be medical if the ultimate recipient happens to be human".

We need to have a creative and innovative research climate. Veterinary research centers are often doing things the same way they have for many years. In this way individual efforts become stereotype, narrow and routine. Although in South Africa and in the rest of Africa, research into livestock diseases are very essential, more research effort should go into multicasual diseases associated with intensification.

Research themes should be chosen with the following in mind:

- . collaboration with other research facilities as outlined
- . becoming world leaders in certain areas thus gaining international recognition as a center of excellence
- . availability of clinical material
- . serving the needs of society

3. COMMUNITY SERVICE

Community service should be seen as service to the community and to the profession. The needs of the community in a changing South Africa have previously been outlined. The needs of the profession include:

Information service

Information intensive services should be available to the profession including:

- . Electronic information centers relevant to animal production
- . A well structured telephonic information system covering all aspects of veterinary medicine
- . A comprehensive diagnostic service which will include a clinical diagnostic service, eg. ECG; radiographic; haematological; clinical chemistry; microbiological; pathological and others.

Continuing education

A well structured programme for continuing education for all veterinarians.

Post graduate studies

The creation of opportunities for post graduate study. American attitude is that "post graduate students are the most effective investment any nation can make in his future". We should adopt the same. The core and tract curriculum is ideally suited for increasing post graduate student numbers. With such a system post graduate students are trained by real specialists in a particular field. It gives the post graduate student the opportunity of pursuing his particular interest field.


CONCLUSION

It is often said that veterinary medicine occupies a position subordinated below what its importance merits or what its very material achievements justifies. Despite the fact that we are at least the second most important health profession, we are last on the list of Government and other institutions when it comes to addressing the health professions. We are responsible for our own future and image. We as a profession often seems to lack purpose and are not clear of the directions which we should follow. It is up to us to prove that we are in fact the most important of the health professions. To quote Schwabe "let us rededicate ourselves and our efforts to our beloved profession's great and ancient callings. Mankind's tomorrow is now". We veterinarians in South Africa must unite and fulfil the diverse needs of the community by offering a high quality and specialised service. Only then will we become our own continent and not just a few islands somewhere between the continents of human medicine and animal science.

My task is to help build that continent.

FIGUUR 1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN ONDERRIG MODEL



FIGUUR 2

BAAN (TRACT) ONDERRIG





Figure 3. Research centers



DIE ROL VAN VETERINÊRE GENEESKUNDE IN 'N

VERANDERENDE SUID-AFRIKA

Professor S.R. van Amstel

28 Junie 1990

Veterinêre Geneeskunde is 'n professie met 'n lang en eerbare geskiedenis. Hierdie professie het saam met die ander gesondheidsprofessies reeds diep spore getrap en besondere bydraes gemaak tot die gesondheid en welvaart van beide mens en dier. Veterinêre Geneeskunde is 'n belangrike gesondheidsprofessie en het as sulks 'n uiters belangrike rol om te speel om aan die gemeenskap se behoeftes te voorsien. Die gemeenskap in 'n veranderende Suid-Afrika het diverse behoeftes wat spruit uit sowel sy eerste en derde wêreld komponente. Die behoeftes van die res van Afrika moet ook in ag geneem word. Om aan hierdie uiteenlopende behoeftes te voorsien sal die profiel van die tradisionele veearts moet verander van dié van 'n generalis na 'n persoon wat 'n meer gespesialiseerde diens van 'n hoër kwaliteit lewer.

Om dit te kan doen, sal aanpassings in onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens gemaak moet word.

Onderrig

- Keuring van 'n volwasser student wat reeds oor die loopbaan binne Veterinêre Geneeskunde wat hy of sy wil volg, besluit het
- Na 'n kurrikulum in die basiese biologiese wetenskappe, word 'n kern- en baankurrikulum (core and tract) gevolg. Elektiewe modules moet deurlopend sterk figureer.

Navorsing

- Navorsing in Veterinêre Geneeskunde moet uitbrei
- Sentra van uitnemendheid vir alle vertakkinge moet geskep word
- Groter samewerking met ander navorsingsinstansies buite of verwant aan Veterinêre Geneeskunde moet bewerkstellig word. Die konsep van "Een Geneeskunde" moet nagestreef word
- Groter klem en moontlikhede vir nagraadse opleiding moet bestaan

Gemeenskapsdiens

Diens aan die professie en die gemeenskap moet aangespreek word.

Diens aan die gemeenskap spruit uit sy behoeftes:

- Voorsiening van voedsel van dierlike oorsprong vanaf produksiediere en alternatiewe bronne soos die visbedryf
- Beheer van siektes van multifaktoriale oorsprong wat met intensiewe boerdery sisteme geassosieer word
- Verbetering van diereproduksie en die beheer van soönoses van veral die derde wêreld komponent hier en in Afrika
- Produksie van suiwer en heilsame voedsel
- Biologiese en genetiese tegnologie
- Diens aan die perdebedryf
- Toenemende behoeftes vir persoonlike- en eiendomssekuriteit
- Die mens-dier verhouding
- Natuurbewaring

Diens aan die professie

- Intensiewe inligtingsdienste
- Nagraadse opleiding
- Voortgesette onderrig

Nuwe kreatiewe denkwyses en handelinge sal nodig wees om aan die uiteenlopende behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Veterinêre Geneeskunde moet hierdie uitdaging aanvaar om sy plek as 'n belangrike gesondeheidsprofessie ten volle en met trots vol te staan.

THE ROLE OF VETERINARY MEDICINE IN A CHANGING SOUTH AFRICA

Professor S.R. van Amstel

June 28, 1990

Veterinary Medicine is a profession with a long and honorable history. This profession, along with the other health professions have played a major role in the health and welfare of both man and animal. Veterinary Medicine is thus an important health profession and as such has an important role to play in serving the diverse needs of the community in a changing South Africa. In order to accomplish this, the profile of the traditional veterinarian will have to change from one who can minister to the needs of all animals, big or small, to one capable of supplying a more specialised service of higher quality.

In order to do this, adaptations to teaching, research and community service will have to be made.

Teaching

- . Selection of a more adult student whom has already decided in which direction he or she wants to make a career within Veterinary Medicine
- . After a curriculum within the basic sciences, a core and tract curriculum is followed. Elective modules must feature strongly throughout

Research

- . Research in Veterinary Medicine must be expanded
- . Centers of excellence must be created for all branches within the profession
- . Closer cooperation must be sought with other research institutes. The concept of "one medicine" must be pursued
- . More and greater possibilities must exist for post-graduate training

Community service

Both service to the community and the profession must be addressed.

Service to the community stems from its needs.

- . Supplying increased amounts of food from animal origin using not only production animals but also alternative sources eg. fish

- . Controlling diseases of multifactorial origin associated with intensive farming systems
- . Improvement of animal production and the control of Zoonoses especially of the third world component here and in the rest of Africa
- . Production of pure and wholesome food
- . Biological and genetic technology
- . Service to the equine industry
- . The increasing need for personal and property security
- . The human-animal bond
- . Nature conservation

Service to the profession

- . Information intensive services
- . Post-graduate training
- . Continuing education

New creative and innovative thinking and action is necessary to satisfy the diverse needs of the community in a changing South Africa. Veterinary medicine must accept this challenge in order to fill its place to the full and with pride as a very important health profession.